**Sondag 17 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:1-11; HK Sondag 18, Vraag 46**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:9**

### Christus het waarlik na die hemel opgevaar

Volgens ’n oppervlakkige oordeel lyk dit of daar in die eerste deel van Antwoord 46 nie veel meer gesê word as wat in die vraag gevra word nie. Op die vraag: “Wat verstaan jy onder: *opgevaar het na die hemel*?” word in werklikheid geantwoord: Dat Christus na die hemel opgevaar het. Wat vir ons na ’n baie oorvereenvoudigde antwoord klink, is egter glad nie so simplisties as ons besef waarom dit gaan nie. Deur hierdie antwoord word naamlik standpunt ingeneem teen die Lutherse beskouing waarvolgens Christus se hemelvaart nie ’n verandering van *plek* was nie, maar van *toestand*. Hulle beweer dat sy liggaam met sy hemelvaart vergoddelik is en daarom alomteenwoordig geword het. Van sy hemelvaart af deurdring sy vergoddelikte liggaam alles wat bestaan soos hitte yster deurdring. Hiervolgens is Christus nie net na sy Godheid nie, maar ook na sy mensheid alomteenwoordig. Daarom kan hulle sê dat die liggaam van Christus “in, met en onder” die nagmaalsbrood en nagmaalswyn is. Teenoor hierdie siening antwoord die Kategismus met die duidelike getuienis van die Skrif: “Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgeneem.” Baie sterk word beklemtoon dat die dissipels dit met hulle eie oë gesien het. Daarom kon hulle met soveel oortuiging verkondig dat Christus se hemelvaart nie ’n verandering van toestand was nie, maar van plek. Dit is ook in ooreenstemming met Christus se eie verklaring dat Hy weer van die wêreld na die Vader toe gaan (Joh. 16:28).

In die vorige eeu het daar ook liberale teoloë na vore gekom wat die hemelvaart van Christus ontken het. Aangesien die hemelvaart eksplisiet slegs deur Lukas beskryf word (Luk. 24:51; Hand. 1:9), word beweer dat die hemelvaart nie letterlik verstaan moet word nie, maar slegs beskou moet word as ’n eie interpretasie van Lukas wat vir die teologie niks beteken nie en vir die geloof nog minder. So ’n siening is egter ’n ernstige skending van die gesag van die Skrif. Boonop is dit heeltemal ongegrond, aangesien daar ook op ander plekke in die Skrif na die hemelvaart van Christus verwys word. So getuig Christus Self daarvan in Johannes 16:28 (vgl. hierbo). Aan Maria sê Hy dat Hy gaan opvaar na sy Vader (Joh. 20:17). Verder word ook van Christus se hemelvaart gepraat in Efesiërs 4:10 (“die Een wat opgevaar het”) en 1 Timoteus 3:16 (“in heerlikheid opgeneem”). Vergelyk ook Hebreërs 9:24 en 1 Petrus 3:22. Daarom verwerp ons hierdie siening as ’n dwaling en glo ons dat Christus werklik na die hemel opgevaar het.